



KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!
 Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:
 Tommy Tademeyer Tel: 082 372 9803
 e-pos: rademeyer.tommy4@gmail.com

Besigheidsgeleentheid!

Wees deel van DWloans se sukses!

"I always struggle to find time to go to a bank and apply for a small loan. Their requirements also make it difficult for a domestic worker to apply for a loan. DWloans have helped me for many years now with payday advances. I would recommend them as I know the frustrations other domestic workers are facing.." – Anna Mahlangu, Lynnwood – Pretoria

Agentskappe verkoop vir R9 000

- totale aanvangskapitaal benodig – R20 000 (insluitend agentskapsfooi)
- werk tussen 4-7 dae per maand
- verdien minimum van R5 000 per maand
- besit die klandisiewaarde in jou area
- geen statutêre insiklikheid hoofpyne

Geskik vir enige gedissiplineerde individu of familie wat 'n goeie & konstante addisionele inkomste maandeliks wil verdien.

Stuur verkorte CV: info@dwloans.co.za

Stephan 084 767 7661

NCRC11117 (termes & voorwaardes geld)

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
 Kontak nommer is 0721113100



JAARTEMA:
GESTUUR

Februarie 2016

2016: "Gestuur..."

Liewe Gemeentelid: Kom ons skop ons Jaartema vir 2016 af deur saam te luister na iets wat vroeg vanjaar deur Stephan Joubert geskryf is:

Die Kerk het mense nodig wat dóén.

Hoeveel gemeentes juig nog oor gereelde bekerings in hul midde of gesels opgewonde saam oor hulp-aksies wat gewone gelowiges in hul omgewing bedryf?

Die kerk is in 'n krisis, hoor 'n mens gedurig. Gesprekke oor enigiets van self-degeslagverhoudings tot by armoede en vernuwing is orals aan die gang om daaraan aandag te gee.

Sulke byeenkomste en vergaderings is vir seker nodig. Ons moet immers verantwoordelik nadink oor ons geloof. Maar is die eintlike probleem nie die manier hoe ons dit steeds in millennium drie doen nie?

Ons kan dae, maande en jare lank oor probleme gesels sonder dat ons ooit die straat oorsteek na mense met regte name en adresse om ons hande vuil te maak met hul swaarkry en verlorenheid.

Ons vergader, preek en praat onself morsdood en is irrelevant! **Praat sonder om te doen ontaard altyd in "exercises in missing the point".**

Om in Jesus te glo is om sy lewe van liefde en opoffering met 'n groot dringendheid agterna te leef. In die taal van Leo Tolstoi se bekende kortverhaal "Where Love Is, God Is" (1885) **is die vraag of ons Jesus herken het toe Hy vandag weer vir ons kom kuier het?**

Het ons Hom kos gegee toe Hy honger was; klere toe Hy kaal was; skuiling toe Hy niks gehad het nie (Matteus 25:31-44)? Het ons Jesus se slaweklere aantrek en agter Hom aangeloop?

Jesus loop steeds elke dag in Suid-Afrika rond. Maar Hy lyk nie soos daardie

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

lieuwe-Jesus-figuur van die Kinderbybel nie. Of die romantiese Jesus op vele se Facebook-blaaie nie. Of die rasonale, stryende Jesus van party kerklike vergaderings nie.

Hy kom in allerlei vormings na ons: as stukkenes, verlore nes, verslaafdes, afgeskryfdes, woedendes, randfigure, armes, kapitaliste, vromes, gieriges, gewone mense.

Dalk is dit maar net ons verskuilde middelklas-moraliteit wat maak dat ons vroom aanhou met vergader en praat **terwyl hongeriges nog 'n dag sonder kos sit en God se goedheid steeds nie op straat voelbaar is nie**. Ek kom agter dit is met myself die geval.

Dis makliker om te praat en te bid tussen bekendes as om te leef en te dien tussen onbekendes.


Daar's wel goeie nuus: Eugene Peterson skryf dat al is die kerk in die moeilikheid, **is God se koninkryk nooit in die moeilikheid nie**.

God is steeds orals hoorbaar, voelbaar en sigbaar. Ons moet maar net naby genoeg aan Jesus loop dat die stof van sy voete ook op ons begin spat, dan sien ons Hom op 10 000 plekke raak.


En dan doen ons wat Hy daar doen.

(<http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/kerk-het-mense-nodig-wat-doen-20160111>; artikel is verkort)

Liewe Broer en Suster: Mag 2016 die jaar wees waarin ons Jesus se hande en voete in 'n stukkende wêreld gaan wees; 'n jaar waarin ons Sy woorde regtig hoor en gehoorsaam as Hy sê: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Johannes 20:21).



KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE

 KITAAR: leer speel en sing heerlik saam, Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes. Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe. **Kom maak jou musiek-droom waar!** Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.

Kontak Kobus Nel 082 961 9425.

FAMILIE-BEDIENING: Huweliksaand

Roepstemme van my hart

Op Vrydagaand 23 Oktober 2015 het Dr Floris Knouws, vergesel van sy vrou, ons kom besoek om sy insigte oor die huwelik met ons te deel. Die tema van die aand was "Roepstemme van my hart" wat gegaan het oor die verwagtinge waarmee ons die huwelik betree. Die geleentheid is bygewoon deur 24 huwelikspare.

Nadat Ds van Heerden die verwelkoming gedoen het en geopen het met gebed, het Dr Knouws op sy unieke ernstige maar tog humoristiese manier vir die huwelikspare vertel dat kwaad word verskillende "vlakke" het. Die ding wat huwelike die meeste bedreig is nie noodwendig altyd die groot dinge wat die ernstige probleme veroorsaak nie, maar dikwels die klein dingetjies wat ons irriteer van ons huweliksmaats en wat, as dit nie aangespreek word nie, op die lang duur kan lei tot die verbrokkeling van 'n huwelik.

Volgens hom het ons almal grootgeword met 'n spesifieke manier waarop dinge gedoen is – dit sluit enigiets in van die hantering van kinders wat siek word tot wat om met 'n nat handdoek te maak. Ons het in ons ouerhuise gedragpatrone aangeleer wat ons glo reg is en wat dan mettertyd ons eie wette geword het, waarvolgens dinge gedoen moet word. As ons huweliksmaats dan nie binne die raamwerk van ons selfgemaakte wette optree nie, raak ons geirriteerd en wil ons hom of haar verander om by ons manier van doen in te skakel.

Hy het die gehoor behoorlik laat nadink deur te vra wie aan ons gesê het dat ons manier van dink en doen altyd reg is en waarom ons gewoontes wette word waaraan almal rondom ons moet voldoen of "gestraf" te word. Na die tyd het ds van Heerden alle betrokkenes bedank en afgesluit met gebed.

Daar word beplan om op 11 Junie 2016 weer 'n huweliksaand aan te bied. Hierdie keer sal die sprekers Gustav en Elna Muller wees en die beplande tema is "Raak weer verlief op mekaar". Die Familiebedieningspan hoop om baie huwelikspartjies – oud en jonk – by die geleentheid te verwelkom.

KUIERHOEKIE KUIER BY NG KERK DASPOORT

Lede van die Kuierhoekie was bevoorreg om op 15 November 2015 deel van NG Kerk Daspoort se Kerssangdiens te wees. Dit was op uitnodiging van Marius de Bruin, NG Kerk Daspoort se bekwame orrelis.

Die Kuierhoekie se lede is gul deur 'n gasheer en gasvrou van die gemeente ontvang en plekke aangewys om te sit. Na die diens het ons saam met die gemeentedele iets te ete en drinke geniet en saam gekuier.

Onder Marius se leiding is 'n drietal Kersliedere ingeoefen, wat dan ook deel van die Kerssangdiens uitgemaak het. Piet en Helga Barnard het 'n pragtige solo gelewer en ook die derde vers van Stille Nag in Duits ge-sing. Piet het ook 'n beryming van die profesieë van Jesaja gesing.

Die res van die Kerssangdiens het bestaan uit gemeentesang, skrifvoorlesings en twee solos deur gemeentedele. Die sterre was ongetwyfeld die koor van Pinocchio Kleuterskool. Die kleingoed het met oorgawe ge-sing en al die nodige gebare gemaak. Die treffer was egter die manier waarop hulle die beryming van die name van al die boeke van die Ou en Nuwe Testament vlot gesing het!

Baie dankie aan NG Kerk Daspoort vir die vriendelike uitnodiging en ontvangs en die voorreg om deel van julle pragtige Kerssangdiens te kon wees.

Thea de Villiers



DIENSGETUIENIS-BEDIENING

Diensgetuienis bied aan: “Gestuur...” Sendingfees 2016

Ons nooi u graag na 2016 se Sendingfees. Die rooster is soos volg:

- ◆ Sondag, 21 Feb om 09:00: Johan Naude (Laudium-uitreike)
- ◆ Sondag, 21 Feb om 18:00: Allen van der Merwe (Mosambiëksending)
- ◆ Maandag, 22 Feb om 18:30: Diensgetuienis: Getuienistoerusting aangaande “Gestuur...”
- ◆ Dinsdag, 23 Feb om 18:30: Diensgetuienis: Getuienistoerusting aangaande “Gestuur...”
- ◆ Woensdag, 24 Feb om 18:30: Diensgetuienis: Getuienistoerusting aangaande “Gestuur...”
- ◆ Vrydag, 26 Feb om 18:30: Sendingete met Hannes Peens (Limpopo VGK)
- ◆ Sondag, 28 Feb om 09:00: Morné Ras (Geopende Deure) en Geloofsofferbelofte word opgeneem.
- ◆ Sondag, 28 Feb om 18:00: Leon Tait (Sending Sonder Grense)

BOOMSLOPING & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

GEMEENTEKAMP - 2015

Om te kamp of nie te kamp nie....???

Gemeentekamp.... Die woord ontluik gewoonlik twee tipes gedagtegange. Eerstens is daar die groep wat sal dink – nee wat, kamp is te veel van 'n gesukkel en te primitief met gebrande kos, koue Bully Beef & Bake Beans, lelike goggas, long drops, stof en vuil rondloop - dan is dit boonop alles nog kerksake en sulke dinge die hele naweek??

Die ander groep (*dié wat weet*) se bloed begin bruis, hul geheue kreun van goeie herinneringe en die beplanning vir die volgende kamp begin sommer dadelik saadskiet in die gedagtes!!

Watter groep is jy? As jy in die eerste, on-ingeligte groep val, moet jy voortlees sodat jy ook deel kan word van die tweede, beter ingeligte groep!!

Die afgelope paar jaar is daar 'n groep van ons gemeentelede wat hul tassies pak en vir 'n naweek wegbreek. Dit word wel 'n kamp genoem, maar dié wat nie in woonwaens of tente gaan bly nie, bespreek hul plekkie in pragtige kamers met behoorlike beddens en selfs elektrisiteit (as Eskom saamspeel). Die badkamer geriewe is skoon en netjies. Die grootste bonus is dat jy nie kos hoeft te maak nie, behalwe jou eie vleisie braai, want vleis is kosbaar en elkeen het sy eie voorkeur as dit by braai kom. Etes word deur die oord verskaf.

Maar wat doen ons heel naweek??

Eerstens is die hoofdoel om te ontspan en 'kop skoon te maak' – dis mos deel van Sy Tempel. Dit gebeur by wyse van niks doen, swem, nog meer niks doen en saamkuier met ou vriende; nuwe vriende maak, geestelike pitkos en lewenswyshede ervaar en dan ontspannende vermaak. Hier word ieder en elk wat wil deelneem, betrek by lekker speletjies, raaisels en wat nog.

Ja, die gemeenskaplike faktor hier is pret en lag, en lag laat jou ontspan en voor jy jou kan kry, is die naweek om en word gevra: "Wanneer is die volgende kamp?" Kom ons noem dit eerder 'n wegbreek!! Bowenal glimlag die Here wanneer ons dinge in Sy Naam saamdoen! Gemeente-wegbreek klink baie lekker, maar het gelukkig niks te doen met afstigting nie!!!!

Dis eintlik 'n metamorfose wat plaasvind - ons kom as gemeentelede by die oord aan en gaan as omgee-vriende daar weg!!

Kyk gerus na die fotos en gesels met hulle wat dit al meegemaak het, jy sal nie jammer wees nie – onthou tog dat 'spyt kom te laat'.

Die volgende gemeente 'wegbreek' is D.V. die naweek van **17 – 19 April 2016 by Sionbergh**, in Suikerbosrand net buite Heidelberg. Teken dit aan in jou dagboek en kyk uit vir meer inligting tydens die aankondigings. Onthou net dat plekke beperk is, eeste in die ry raak eerste geholpe"!!



Ons sien jou baie graag by die 2016-wegbreek..... Groete tot ons saamkuier!!

